Agtergrond

Tydens die eerste paar weke van Lockdown het ons inderhaas drie skuilings oopgemaak in die middestad van Pretoria vir ons haweloses. By Bosmankerk is ±20 vroue gehuisves. Die skuiling moes toegemaak word na die eerste 2 maande en ons kon al die vroue help. By Arcadia kerk het ons 20 ouer mans en 'n gesin van 5 gehuisves. Tans is daar 9 mans oor en die gesin van 5. By PEN se Bethesda Huis is 'n verdere 18 mans gehuisves. Op die oomblik is daar steeds 16 mans oor. In Capitalpark is nog 'n skuiling oopgemaak wat deur die hulp van PEN en van ons kerke nog 'n verdere 20-30 manne bedien.

Ons het in die tyd besef dat haweloosheid in ons stad nie iets is wat vinnig gaan verdwyn nie en dat ons stadsraad nie by magte is om hierdie karretjie alleen oor die bult te kry nie. As kerke en para-kerklike organisasies is ons optimaal gerat om te help met hierdie uitdaging. Die een moontlikheid is om verskeie skuilings in strategiese plekke vir ongeveer 20 persone te ontwikkel. Ons het gevoel dat ons graag so 'n skuiling by die ou NG Kerk Arcadia wil begin vir 20 ouer manne.

727 Arcadia

Ons Arcadia Skuiling sal oop wees tussen 19:00 en 07:00. Elkeen sal 'n klein oornag-fooi betaal. Dit sal hulle dan toegang gee tot:

- **'n Aandete (en oggend *starter*)**
- **Slaap fasiliteite**
- **Ablusie fasiliteite**
- **Wasgeriewe**
- **Elektrisiteit en Internet**
- **Stoorgeriewe**
- **Ondersteuning**

Hoe kan julle help?

Daar is meer as een manier, maar ons het gedink dat een van die mees praktiese maniere is om verantwoordelikheid te vat vir een kosbeurt per week. Ons sal die polistireen houers voorsien en as gemeente kan julle ons dan help om weekliks op dieselfde dag 'n aandete vir 20 manne voor te berei asook 'n bietjie vrugte (sakkie appels byvoorbeeld) en drie brode vir die oggend te voorsien.

'n Moontlike Menu

Sondag: Pap/rys en Vleis (bredie)
Maandag: Pap/Rys en maalvleis
Dinsdag: Rys en Hoender/Vis
Woensdag: Pasta-gereg
Donderdag: Pap/rys en Vleis
Vrydag: Hamburgers of Worsrolle (2 elk)
Saterdag: Kerrie en rys (nie te warm nie!)

Kontak my asseblief by 060 9916946 vir meer informasie. Ons sal julle hulp so waardeer!

Francois Smit

NG Pretoria en PEN